Juanita du Plessis is een van die bekendes wat by die Varingfees te sien was. Foto's: STEPHEN WILLIAMS

Sewende Varingfees dawerende sukses met vermaak vir elkeen

Die sewende Varingfees wat die afgelope naweek in Brackenfell gehou is, was 'n dawerende sukses.

Die Burger en *TygerBurger* was die trotse mediaborg van dié fees, 'n inisiatief van die NG Kerk Proteahoogte in Brackenfell, wat vanjaar meer as 12 500 besoekers gelok het.

Groot kunstenaars soos die Broers, Ray Dylan, Juanita du Plessis, Theuns Jordaan, Nicholis Louw, Bobby van Jaarsveld en Kurt Darren het oor die naweek opgetree.

"Vir my was dit die beste Varingfees ooit! Ons het nuwe aktiwiteite probeer en alles het gewerk. Hiervan was die uitgebreide kindervermaak en die tweede verhoog die grootste sukses," sê me. Sunel Beeselaar, voorsitter van die fees.

Die *JIP*-verhoog het vir groot vermaak gesorg. Groepe kon meeding in die Duo's Trio's- en Clash of the Bands-kompetisies wat oor die twee dae gestrek het. Lede van die gehoor kon aan die lugkitaar- en -tromkompetisies deelneem en 'n kitaar en versterker of 'n tromstel, geborg deur Cash Crusaders, wen.

Lea van der Merwe (6) het die fees baie geniet.

Jamy Wakefield het die lugdrom-kompetisie gewen.

Jade Petersen het die lugkitaar-kompetisie gewen.